

Publication: Beeld(Uitgawe2) (Sport)
Publication Date: 01 Oct 2018
Page: 15

AVE: 15237.99
Circulation: 41286
Part: 1 of 1



**Tshina Mdau, die kaptein van Tuks.** Foto: VARSITY SPORTS

# Madibaz glo hulle kan Tuks rol

**Annchen Nel**

Die Madibaz-netbalspan bevind hom op onbekende terrein wanneer hy vanmiddag vir die eerste keer in die halfeindronde van die Varsitybeker-reeks speel.

Sy teenstander in Pretoria is die gedugte Tuks, die verdedigende kampioen.

Ná 'n skitterende seisoen glo die Oos-Kapenaars egter hulle kan ook die Pretoriase studente stuit.

Die Madibaz het die rondewedstryde in die derde plek afgesluit nadat hulle die Maties verlede Maandag met 46-36 geklop het.

Die Kovsies het in die eerste plek klaargemaak, met Tuks in die tweede plek.

Die Bloemfonteinse studente speel tuis teen die Maties.

Jeanie Steyn (kaptein) se Madibaz het net teen Tuks verloor – met 39-67. Maar dit was vroeg verlede maand voordat die Baaienaars die Kovsies, Noordwes-Universiteit en die Maties tot oorgawe gedwing het.

Tuks het vroeg in hul veldtog twee keer verloor – teen die Kovsies en die Pukke. Die Bloemfonteiners se enigste nederlaag was teen die Madibaz.

Die Maties het drie van hul vier wedstryde verloor en sal hul peil drasties moet lig as hulle volgende Maandag in die eindstryd wil speel. Hulle het verlede jaar in die halfeindronde teen Tuks verloor.

■ Sou sake gelykop eindig, sal daar 'n rustyd van twee minute wees, gevolg deur ekstra tyd van twee helftes van sewe minute elk. Sou die telling steeds gelykop wees, sal spel voortgaan totdat een span 'n voorsprong van twee doele opbou.

■ Nichole Taljaard (Maties), Khanyisa Chawane (Kovsies) en Marlize de Bruin (Tuks) is benoem as die Speler van die Reeks.

■ **Kovsies:** Alicia Puren (k), Khomotso Mamburu, Lefëbre Rademan, Sikholiwe Mdletshe, Ané Retief, Khanyisa Chawane, Meagan Roux, Maryke Coetzee, Gertriana Retief, Rieze Straeuli, Jana Scholtz, Bianca de Wee.

**Maties:** Charmaine Baard, Sian Moore, Nichole Taljaard, Adri Uys, Carla Werth (k), Sasha-Lee Petersen, Abeline Olivier, Tania Hlabane, Alison Malgas, Caleigh Stuart, Lauren Adendorf, Stephanie Brandt.

**Tuks:** Venetia Grobler, Chantelle Swart, Anique Grobler, Ine-Mari Venter, Jeanette Vermeulen, Lebogang Kekana, Tshina Mdau (k), Juzelri Garbers, Marlize de Bruin, Lungile Mthembu, Akosua Mensah, Jeanté Strydom.

**Madibaz:** Nolusindiso Twani, Bianca Blom, Jody Vorster, Carla Viviers, Arné Rust, Nobulele Phuza, Siyasanga Poyo, Mihlali Mahlangeni, Jeanie Steyn (k), Hlumisa Sithonga, Lieze Greeff, Sanelise Mgijima.

■ **TV: 17:30:** Tuks t. Madibaz; **19:00:** Kovsies t. Maties (albei regstreeks op SS 10).

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.